FINANSIËLE BESTUUR

binne die konteks van

'n MISSIONALE GEMEENTE

Miles Griffiths en Gert Cordier
(Miles is 'n sakeman en leier van die NG Kerk Randfontein-Noord. Gert is predikant en redakteur van IN PAS. Hierdie artikel is geskryf vir en geplaas in KRUISGEWYS 12/3 September 2012)

Die gesprek oor missionale kerk-wees is aan die orde van die dag. Van alle kante word die implikasies van die *missio Dei* vir die praktyk van kerk-wees bedink. Die vraag is: watter impak het die *missio Dei* op die finansiële beplanning en bestuur van gemeentes? Lyk finansiële bestuur in gestuurde gemeentes anders as binne die tradisionele model van kerk-wees? En, indien wel, waar lê die verskil?

Die vorming van 'n missionale gemeentekultuur veronderstel 'n diepliggende paradigmaskuif. Gestuurde Gemeentes verwys dikwels hierna as die skuif vanaf "instandhouding" na "gestuurdheid". 'n Paradigmaskuif vind plaas wanneer 'n nuwe storie só inslag vind dat dit die identiteit, etos en praktyke van 'n kerk verander. Niemandt (2012:5,6) stel dit so: "Wanneer daar 'n paradigmaskuif kom, verander die onderliggende 'manier van verstaan' en onuitgesproke aannames, die insig in en oor die kerk… Dit is 'n nuwe spel met nuwe spelreëls."

Binne die missionale beweging word die implikasies hiervan vir die praktyk van kerk-wees in diepte ondersoek. Dis egter 'n vraag of die implikasies van hierdie paradigmaskuif ten opsigte van die finansiële bestuur van gemeentes genoegsaam deurdink word? Ons waarneming is dat finansies 'n veel groter impak op gemeentevorming en gemeentetransformasie het as wat dikwels verreken word. Enersyds reflekteer die beweging na 'n gestuurde gemeentekultuur dikwels nie genoegsaam in die begrotings en finansiële bestuur van gemeentes nie. Soos die man se beursie, kom die gemeente se finansies dikwels heel laaste tot bekering! Andersyds kan 'n finansiële krisis óf die katalisator wees wat die transformasie na gestuurdheid ondersteun, óf die blokkasie wees wat die gemeentelike leierskap laat terugval na ou oplossings vir ou probleme. Soos liefde met armoede, vlieg gestuurdheid maklik met finansiële tekorte by die agterdeur uit.

Die tese van hierdie artikel is dat dit vir gemeentes wat daarna streef om 'n missionale gemeentekultuur te vorm, die moeite werd mag wees om 'n slag goed na te dink oor die implikasies van hierdie nuwe spel en spelreëls vir die finansiële beplanning en bestuur van die gemeente. 'n Evaluering van drie kernbegrippe binne die gestuurde konteks naamlik *gestuurdheid*, *patrone van gestuurdheid* en *geloofsonderskeiding* mag help om die gesprek in gestuurde gemeentes te begin. Hopelik word die regte vrae aan die orde gestel om leiding te gee op die vraagstukke in die inleidende paragrawe hierbo.

Gestuurdheid as deelname aan die *missio Dei* – gestroop van die stereotipiese.

Finansiële bestuur in 'n gemeente het in wese te make met die hantering van gemeentelike inkomstes en uitgawes op so 'n wyse dat die finansiële beginsels van likiditeit en solvabiliteit gehandhaaf word. In gemeentes wat steeds binne die instandhoudingsmodel funksioneer, is die samestelling van gemeentebegrotings redelik stereotiep van aard en gefokus op die welsyn van

die gemeente. Die paradigmaskuif wat van missionale gemeentes gevra word, is ‘n wegbeweeg vanaf ’n fokus op die gemeente se instandhouding na ’n fokus op die *missio Dei*. “Gestuurdheid” is ’n begrip wat gestroop is van die stereotipiese. In ’n gemeentelike konteks getuig gestuurdheid van ‘n geesdriftige meelewing aan God se missie in die wêreld. Standaard begrotings laat weinig ruimte vir gemeentes om hierdie uitdagings aan te durf. Jesus se opdrag aan die twee en sewentig vra hulle om onmiddellik en sonder ’n beurs, reissak of skoene te gaan (Luk 10:3,4). Dit klink asof Jesus hulle met ’n dringendheid maar weinig finansiële beplanning uitstuur. Die taak om sy boodskap van heling en vrede na die gemeenskappe te bring en die koms van sy koninkryk aan te kondig, is skynbaar belangriker as kommer oor waar die finansies en ander hulpbronne vandaan sal kom. Jesus verseker sy dissipels dat hulle, as arbeiders in Sy diens, beide hul loon en die nodige sorg by hul gestuurde bestemmings sal ontvang. Gestuurdheid vra dus van gemeentes om vreesloos op hul gestuurde missie te fokus en op God te vertrou wanneer gestuurde take aangepak word.

Patrone van gestuurdheid – risiko’s ter wille van die evangelie.

Barrett et al (2004) identifiseer agt patrone wat by gestuurde gemeentes voorkom. Een kenmerkende patroon is dat missionale gemeentes leer om risiko’s te loop ter wille van die evangelie. Barrett et al vertel verhale van gestuurde gemeentes en hoe hulle gedy onder risikotoestande. Hierdie gestuurde gemeentes neem Matteus 6:25-34 ter harte wanneer hulle risiko’s ter wille van die evangelie loop. “Julle moet julle dus nie bekommer en vra: ‘wat moet ons eet of wat moet ons drink of wat moet ons aantrek?’ nie... Nee, beywer julle allereers vir die koninkryk van God en vir die wil van God,...” Vanuit Barrett se verhale blyk dit dat baie gemeentes ondernemingsrisiko’s loop en hul geld soos goeie entrepreneurs gebruik en belê. ’n Begroting word wel gevolg, maar wanneer noodsituasies of behoeftes hulself voordoen, ken hulle fondse toe om hierdie behoeftes aan te spreek. Wanneer daar aan die gemeente en die gemeenskap terugrapporteer word oor hoe die nood aangespreek is, is die gevolg dikwels dat fondse instroom uit dankbaarheid vir die werk wat in God se koninkryk gedoen is. Soms slaag die projekte finansieel, soms nie, maar sonder uitsondering slaag die projekte om die gemeente se gestuurdheid as openbare getuienis vir die evangelie te belig. Deur ’n proses van geloofsonderskeiding word antwoorde by God gesoek en vind ‘n evaluering van die *missio Dei* plaas sonder dat finansiële implikasies die oorhand kry.

Geloofsonderskeiding – beplanning en risiko in balans.

In Lukas 14:25-32 leer Jesus die menigte dat wyse mense eers behoorlik kosteberekenings doen voordat hulle ’n taak aanpak. “Wie van julle wat ’n gebou wil oprig, gaan nie eers sit en die koste bereken, om te sien of hy genoeg geld het om die werk te voltooi nie?” Jesus maan dus teen die onverskillige en roekelose omgaan met geld wanneer projekte aangepak word. Die element van beplanning (begroting) kom duidelik na vore uit hierdie gedeelte. Word die paradigmaskuif dat risikoneming en ondernemerskap onontbeerlik is vir gemeentes wat hul gestuurdheid tot openbare getuienis wil maak nou weer omver gegooi? Nee, inteendeel. Die antwoord lê daarin dat gemeentes moet leer om geloofsonderskeidend na God se gestuurde roeping vir die wêreld en hul eie rol daarin te kyk. Eers dan sal die balans tussen omsigtigheid en risiko duideliker word. ’n Benadering waarin projekte van gestuurdheid uit eie wil gedryf word, of ’n werkswyse

waarvolgens fondse vir gestuurde projekte slegs teenoor bepaalde inkomste goedgekeur word, is albei in konflik met ware gestuurdheid.

Geloofsonderskeidende optrede in die toepassing van finansiële bestuur in gestuurde gemeentes bring bepaalde leerervaringe na vore. Dit kweek waardering vir finansiële bestuurders wat verantwoordelik met gemeentefondse omgaan. Sulke optrede is kenmerkend van goeie finansiële bestuur. Maar geloofsonderskeiding bring ook mee dat finansiële leiers deur die Gees oortuig word dat bepaalde gestuurde aksies God se roeping in die wêreld ondersteun en dat finansiële oorwegings hieraan ondergeskik staan. Verder word geleer dat geloofsonderskeiding die bepalende riglyn moet wees wanneer gestuurde aksies onderneem word. In hierdie proses is die dissiplines van gebed, "wandel in die Woord" en "wandel in die wêreld" deurslaggewend. Ons moet verstaan dat ons deelnemers aan God se sending in die wêreld is en daarom na Sy wil vir die gemeente en die gemeenskap moet luister. Finansiële dissipline bly belangrik en gemeentes wat 'n ontspanne finansiële beleid rondom gestuurdheid volg, moet daarteen waak dat gestuurde aksies nie vir die verkeerde redes of op ondeurdagte wyse aangepak word nie.

Gesprek as gemeentelike deelname en -transformasie.

Gesprek of kommunikasie is die gemeentelike leierskap se instrument om die transformasieproses na gestuurdheid te ondersteun. Wanneer gestuurde aksies wat die gemeente se finansies onder druk kan plaas, onderneem of beplan word, moet dit onverwyld gekommunikeer word. Gemeentes wat ingelig is oor dit waarmee God in die gemeente en die gemeenskap besig is, sal aan gepaardgaande gestuurde aksies deelneem – beide met hul dade en hul beursies. Só kan 'n negatiewe effek op die begroting omgedraai word in 'n positiewe finansiële resultaat. Vroegtydige kommunikasie dra daartoe by dat die gemeente deursigtigheid ervaar oor die wyse waarop daar met gemeentefondse omgegaan word. Aksies waaroor twyfel bestaan, kan betyds weer aan die proses van geloofsonderskeiding onderwerp word.

Gereelde terugvoer oor gestuurde aksies dien ook as positiewe motivering wanneer die gemeente die kollektiewe uitslag van hul gestuurde aksies evalueer. Lidmate kry perspektief op die waarde van hul eie beskeie bydrae tot die gemeente se gestuurdheid. Die gedagte dat gestuurdheid elke lidmaat se taak is, word ondersteun - ongeag die omvang van sy individuele bydrae. Meelewing aan gestuurde aksies maak lidmate se harte en hande oop en lei tot 'n nuwe missionale gemeentekultuur wat uiteindelik in die begrotings en finansiële bestuur van gemeentes weerspieël word en die paradigmaskuif vanaf instandhouding na gestuurdheid voltooi.

Literatuurverwysings:

Barrett, L Y et al 2004. *Treasure in clay jars. Patterns in missional faithfulness.* Grand Rapids, Michigan. Eerdmans.

Niemandt, C J P 2012. *Missional leadership –entering the trialogue. Missionale leierskap – in trialoog*. Intreerede as hoof van die departement Godsdiens- en Sendingwetenskap, Fakulteit Teologie, Universiteit van Pretoria.